ROOIVLEIS GAAN OP JSE VERHANDEL

Rooivleis, spesifiek beesvleis, gaan binnekort toekomskontrakte soos ander kommoditeite, op die JSE verhandel, beter bekend as Safex.

Dit behels die volgende:

- Verhandelingsopsies is beeskontrakte van 1 000kg A-graad met ‘n afgeleide speenkalfprys.
- Boere kan hulself verskans met toekomstige vleispryse.
- Die mark is op soek na genoeg likiwiditeit en om dit so hoog as moontlik te hou moet genoeg deelnemers die markplek betree.
- Die Abattoirvereniging sal die gemiddelde karkasprys deurgee terwyl die speenkalfprys uit Vryburg sal kom of afgelei sal word van die A-graad prys.
- Die Universiteit van die Vrystaat het navorsing oor sulke markte in Amerika gedoen onder leiding van dr. Dirk Strydom.
- Aanbevelings is gesamentlik met die RPO aan die Safex-span gemaak.
- Daar is geen vervoerdifferensiaal op beesvleis nie.

Boere moet die volgende in gedagte hou:

- Safex bepaal nie die kommoditeit se markprys nie, maar die markplek bepaal dit self.
- Jy hoef nie deel te neem in die verhandeling van toekoms kontrakte nie. Dis slegs ‘n bykomende hulpmiddel om jouself te verskans teen toekomstige wisselende pryse.
- Ons kan uiteindelik ‘n verwysingsprys kry vir ons produk in Suid-Afrika.
- Ons kan beter begroot vir toekomstige vleispryse.
- Akkurate nasionale veegetalle, die aantal verhandelings van karkasse en speenkalwers en soveel meer broodnodige data sal meer akkuraat wees in markplek.
- Indie boere die toekomsmark wil betree, moet hulle sorg dat hulle hulself sal oplei oor hoe die spesifiek mark werk, want risiko’s kan hoog wees.
- Die ‘Safex’ mark is nie daar om vinnig ryk te word nie, slegs 7% van al die spekulante toon ‘n wins.